Provided further that where the wage of an employee at the date of termination has been reduced by deductions in respect of short-time, the expression "is receiving at the time of such termination" shall, when an employer pays an employee in lieu of notice, be deemed to mean "would have received at the time of such termination if no deductions had been made in respect of short-time".

(2) Where there is an agreement in terms of the second proviso to subclause (1), the payment in lieu of notice shall be commensurate with the period of notice agreed upon.

(3) The notice prescribed in subclause (1) shall be given on or before the usual pay-day of the establishment for such employee and shall run from the day after such pay-day: Provided that—

(i) the period of notice shall not run concurrently with nor shall notice be given during an employee's absence on leave granted in terms of clause 6 or any period of military training which an employee is undergoing in pursuance of the Defence Act, 1957;

(ii) notice shall not be given during an employee's absence on sick leave granted in terms of clause 7.

(4) Where only one work day's notice is required to be given such notice may be given on any work day.

(5) Notwithstanding anything to the contrary in this Determination, where an employee terminates his contract of employment by leaving his employment without having given and served the required period of notice or without paying his employer in lieu of notice, his employer may appropriate to himself, from any moneys which he owes to such employee by virtue of any provisions of this Determination, an amount of not more than that which such employee would have had to pay him in lieu of notice.

2—29200

(2) By die toepassing van hierdie klousule kan 'n werkgewer wat uitsluitlik of hoofsaaklik die werk van 'n werknemer graad I verrig, geag word 'n gekwalifiseerde werknemer in sodanige klas te wees en 'n ongekwalifiseerde werknemer graad I wat minstens die loon vir 'n gekwalifiseerde werknemer graad I in sy gebied ontvang, kan geag word 'n gekwalifiseerde werknemer te wees.

11. UNIFORMS, OORPAKKE EN BESKERMENDE KLERE.

'n Werkgewer moet alle uniforms, oorpakke, rubberstewels of ander beskermende klere wat hy van sy werknemer vereis om te dra of wat hy ingevolge enige wet verplig is om aan sy werknemer te verskaf, gratis verskaf en in 'n bruikbare en sindelike toestand hou; en alle sodanige uniforms, oorpakke, rubberstewels of ander beskermende klere bly die eiendom van die werkgewer: Met dien verstande dat 'n werkgewer van 'n werknemer kan vereis om sodanige uniform, oorpak of beskermende klere te was of te was en te stryk en in so 'n geval moet die werkgewer so 'n werknemer 'n toelae van minstens 15 sent per week betaal.

12. BEËINDIGING VAN DIENSKONTRAK.

(1) 'n Werkgewer of sy werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, wat die dienskontrak wil beëindig, moet—

(*a*) gedurende die eerste vier weke diens, minstens een werkdag,

(*b*) na die eerste vier weke diens, minstens een week,

vooraf kennis van die beëindiging van die kontrak gee of 'n werkgewer of 'n werknemer kan die kontrak sonder kennisgewing beëindig deur, in plaas van sodanige kennisgewing, aan die werknemer of die werkgewer, na gelang van die geval, te betaal—

(i) in die geval van een werkdag kennisgewing, minstens die dagloon wat die werknemer ten tyde van sodanige beëindiging ontvang;

(ii) in die geval van een week kennisgewing, minstens die weekloon wat die werknemer ten tyde van sodanige beëindiging ontvang:

Met dien verstande dat—

(i) die reg van 'n werkgewer of sy werknemer om die kontrak op 'n regsgeldige grond sonder kennisgewing te beëindig;

(ii) 'n skriftelike ooreenkoms tussen 'n werkgewer en sy werknemer waarin voorsiening gemaak word vir 'n kennisgewingstermyn wat vir beide partye ewe lank is en langer is as dié wat in hierdie klousule voorgeskryf word;

(iii) die werking van 'n verbeuring of boete wat regtens van toepassing mag wees op 'n werknemer wat dros;

nie hierdeur geraak word nie: Met dien verstande voorts dat, indien die loon van 'n werknemer op die datum van die beëindiging verminder is deur aftrekkings ten opsigte van korttyd en die werkgewer hom betaal in plaas van kennis te gee, die uitdrukking „ten tyde van sodanige beëindiging ontvang" geag word te beteken „ten tyde van sodanige beëindiging sou ontvang het as geen bedrag weens korttyd afgetrek was nie".

(2) Indien daar 'n ooreenkoms ingevolge die tweede voorbehoudsbepaling van subklousule (1) bestaan, moet die betaling in plaas van kennisgewing eweredig wees aan die kennisgewingstermyn waaroor daar ooreengekom is.

(3) Die kennisgewing in subklousule (1) voorgeskryf, mag voor of op die bedryfsinrigting se gewone betaaldag vir so 'n werknemer geskied en loop op vanaf die dag na sodanige betaaldag: Met dien verstande dat—

(i) die kennisgewingstermyn nie mag saamval nie met, en die kennisgewing nie mag geskied nie gedurende 'n werknemer se afwesigheid met verlof ingevolge klousule 6 of enige tydperk van militêre opleiding wat 'n werknemer ingevolge die Verdedigingswet, 1957, ondergaan;

(ii) daar nie gedurende 'n werknemer se afwesigheid met siekteverlof ooreenkomstig klousule 7 kennis gegee mag word nie.

(4) Wanneer kennisgewing van slegs een werkdag vereis word, kan sodanige kennisgewing op enige werkdag geskied.

(5) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie Vasstelling mag 'n werkgewer, in die geval waar 'n werknemer sy dienskontrak beëindig deur sy diens te verlaat sonder om kennis te gee en sonder om die vereiste kennisgewingstermyn uit te dien of sonder om sy werkgewer te betaal in plaas van kennis te gee, uit enige geld wat hy sodanige werknemer uit hoofde van enige bepaling van hierdie Vasstelling skuld, aan homself 'n bedrag toeëien van hoogstens dié wat sodanige werknemer hom sou moes betaal het in plaas van kennis te gee.

2—2108

13. CERTIFICATE OF SERVICE.

Except where a contract of employment of an employee is terminated on the ground of desertion or where the employee is a casual emolpyee, the employer shall upon termination of any contract of employment furnish the employee with a certificate of service substantially in the form prescribed in the Schedule to this Determination, showing the full names of the employer and of the employee, the occupation of the employee, the date of commencement and the date of termination of the contract and the weekly wage of the employee on the date of such termination.

14. PROHIBITION OF EMPLOYMENT.

An employer shall not employ any person under the age of fifteen years.

SCHEDULE.

I/We (*a*) .....
carrying on trade in the Plywood Industry at .....
..... hereby certify that .....
was employed by me/us (*a*) from the ..... day of
..... 19... to the ..... day of
..... 19... as (*b*) .....
At the termination of employment his/her (*a*) wage was
..... rand ..... cents per week.

.....
(Signature of Employer or Authorised Representative).

Date .....

(*a*) Delete whichever inapplicable.
(*b*) State occupation in which employee was wholly or mainly engaged, e.g., clerk, labourer.

H. W. TINDALE, *Chairman.*
P. R. VIVIERS, *Member.*
I. J. DE VILLIERS, *Additional Member.*
W. H. HECHTER, *Secretary.*

Pretoria, 11 April 1968.

GENERAL NOTICES.

NOTICE No. 353 OF 1968.

DEPARTMENT OF COMMUNITY DEVELOPMENT.

NOTICE OF EXPROPRIATION.

To:—The Executor, Estate late F. J. KIPPEN and Mrs A. M. S. BRITS, certain Erf 711, Standerton, measuring 400 square roods.

The property described above, of which you are, to the knowledge of the Community Development Board, established under section *two* of the Community Development Act, 1966 (Act No. 3 of 1966), the registered owner/co-owner, is required by the said Community Development Board in order to achieve the objects for which the Board was established.

Whereas the Minister of Community Development has in terms of paragraph (*a*) of subsection (1) of section *thirty-eight* of the said Act on 5 March 1968, approved of the expropriation of the said property.

Therefore, take notice that the said Community Development Board hereby expropriates the said property with effect from the date of service of this notice.

You are hereby requested to state the amount claimed by you for the said property and you are further required to deliver, or cause to be delivered to the undersigned within 30 days from the date of service hereof, or within such further period as the Community Development Board may allow—

(*a*) a statement, in writing, setting forth the amount of compensation (if any) claimed for the immovable property described herein;

13. DIENSSERTIFIKAAT.

Behalwe waar 'n werknemer se dienskontrak op grond van diensverlating beëindig word of waar die werknemer 'n los werknemer is, moet die werkgewer by beëindiging van enige dienskontrak die werknemer van 'n dienssertifikaat voorsien wat wesenlik die vorm het soos in die Bylae van hierdie Vasstelling voorgeskryf en wat die volle name van die werkgewer en die werknemer, die beroep van die werknemer, die aanvangsdatum en die datum van beëindiging van die kontrak en die weekloon van die werknemer op die datum van sodanige beëindiging vermeld.

14. VERBOD OP INDIENSNEMING.

'n Werkgewer mag niemand onder die leeftyd van 15 jaar in diens neem nie.

BYLAE.

Ek/Ons (*a*) .....
wat die Laaghoutnywerheid beoefen te .....
verklaar hierby dat .....
in my/ons (*a*) diens was van die .....
dag van ..... 19..... tot die .....
dag van ..... 19..... in die hoedanigheid van (*b*)
.....
By diensbeëindiging was sy/haar (*a*) loon .....
rand ..... sent per week.

.....
(Handtekening van werkgewer of gemagtigde verteenwoordiger.)

Datum .....

(*a*) Skrap wat nie van toepassing is nie.
(*b*) Meld die beroep waarin die werknemer uitsluitlik of hoofsaaklik in diens was, bv., klerk, arbeider.

H. W. TINDALE, *Voorsitter.*
P. R. VIVIERS, *Lid.*
L. J. DE VILLIERS, *Addisionele Lid.*
W. H. HECHTER, *Sekretaris.*

Pretoria, 11 April 1968.

ALGEMENE KENNISGEWINGS.

KENNISGEWING No. 353 VAN 1968.

DEPARTEMENT VAN GEMEENSKAPSBOU.

KENNISGEWING VAN ONTEIENING.

Aan:—Die Eksekuteur, Boedel wyle F. J. KIPPEN en mev. A. M. S. BRITS, sekere Erf 711, Standerton, groot 400 vierkante roede.

Die eiendom hierbo beskryf, waarvan u na die wete van die Gemeenskapsontwikkelingsraad, ingestel by artikel *twee* van die Wet op Gemeenskapsontwikkeling, 1966 (Wet No. 3 van 1966), die geregistreerde eienaar/mede-eienaar is, word deur genoemde Gemeenskapsontwikkelingsraad benodig ten einde die oogmerke waarvoor die Raad ingestel is te bereik.

Aangesien die Minister van Gemeenskapsbou, kragtens die bepalings van paragraaf (*a*) van subartikel (1) van artikel *agt-en-dertig* van genoemde Wet op 5 Maart 1968, die onteiening van genoemde eiendom goedgekeur het.

Neem derhalwe kennis dat genoemde Gemeenskapsontwikkelingsraad genoemde eiendom onteien vanaf die datum van besorging van hierdie kennisgewing.

U word hierby versoek om die bedrag wat u ten opsigte van genoemde eiendom eis, te noem en u moet binne 30 dae na besorging hiervan, of binne so 'n verdere tydperk as wat die Gemeenskapsontwikkelingsraad mag toelaat, aan die ondergetekende lewer of laat lewer—

(*a*) 'n skriftelike verklaring waarin die bedrag van vergoeding (as daar is) wat u vir die onroerende eiendom hierin beskryf eis, uiteengesit word;

(*b*) your documents of title to the immovable property if these are in your possession or under your control; and

(*c*) if the said documents are not in your possession or under your control, a list, signed by you, of the said documents, setting forth the registration numbers and dates thereof and the name and address of the person in whose possession or under whose control those documents are and the registration numbers and dates of mortgage bonds (if any) on the immovable property and the names and addresses of the holders thereof.

Further take notice that the ownership in the immovable property described herein shall pass to the said Board upon the date of service hereof and the Board may, after the expiry of a period of not less than three months from the date of service hereof, take possession of the said property.

Dated at Pretoria on this First day of May, One thousand Nine hundred and Sixty-eight.

H. A. MILLS,
Secretary for Community Development.

(14 June 1968.)

(*b*) die stukke wat u titelbewyse op die onroerende eiendom uitmaak, indien dit in u besit of onder u beheer is; en

(*c*) indien genoemde stukke nie in u besit of onder u beheer is nie, 'n lys deur u onderteken van genoemde stukke, met vermelding van die registrasienommers en datums daarvan en die naam en adres van die persoon in wie se besit of onder wie se beheer daardie stukke is en die registrasienommers en datums van verbande oor die onroerende eiendom (as daar is) en die name en adresse van die houers daarvan.

Neem verder kennis dat die eiendomsreg op die onroerende eiendom hierin beskryf, by besorging hiervan oorgaan op die Raad en die Raad na verstryking van 'n tydperk van minstens drie maande na die datum van besorging hiervan genoemde eiendom in besit kan neem.

Gedateer te Pretoria, op hierdie Eerste dag van Mei Eenduisend Negehonderd Agt-en-sestig.

H. A. MILLS,
Sekretaris van Gemeenskapsbou.

(14 Junie 1968.)

NOTICE No. 356 OF 1968.

OPPERMANSDRIFT DAM GOVERNMENT WATER SCHEME, DISTRICT BLOEMHOF.—REMOVAL OF GRAVES.

It is hereby notified that, as a result of the building of the Oppermansdrift Dam, District of Bloemhof, it is necessary to remove and re-inter the remains of persons buried on the farm Remainder of Portion 5 of Verlatenkraal, District of Bloemhof.

As it is not possible to identify certain of the graves, any person who is by virtue of kinship with the deceased interested in the matter and who may be of assistance in the identification of the graves which are without tombstones, is hereby requested to communicate with the Resident Engineer, Oppermansdrift Dam, P.O. Bloemhof, within one month of the date of publication of this notice.

(14 June 1968.)

KENNISGEWING No. 356 VAN 1968.

OPPERMANSDRIFTDAM - STAATSWATERSKEMA, DISTRIK BLOEMHOF.—VERWYDERING VAN GRAFTE.

Hierby word bekendgemaak dat dit as gevolg van die aanbou van die Oppermansdriftdam, distrik Bloemhof, nodig is om die stoflike oorskot van persone wat op die plaas Restant van Gedeelte 5 van Verlatenkraal, distrik Bloemhof, begrawe, te verwyder en te herbegrawe.

Aangesien dit nie moontlik is om sekere grafte te identifiseer nie, word enigeen wat vanweë verwantskap met die afgestorwenes in die saak belangstel en wat behulpsaam kan wees met die identifisering van die grafte wat nie van 'n grafsteen voorsien is nie, versoek om binne een maand na die datum van die publikasie van hierdie kennisgewing met die Plaaslike Ingenieur, Oppermansdriftdam, Pk. Bloemhof, in verbinding te tree.

(14 Junie 1968.)

NOTICE No. 376 OF 1968.

SOUTH AFRICAN RESERVE BANK.

Statement of Assets and Liabilities on the 14th day of June, 1968.

Liabilities.	R c
Capital	2,000,000-00
Reserve Fund	11,715,739-14
Notes in Circulation	354,505,903-00
Deposits:	
Government	323,212,794-49
Provincial Administrations	16,897,773-31
Bankers	141,627,632-07
Other	16,815,449-02
Other Liabilities	125,758,589-71
	R992,533,880-74

Assets.	R c
Gold (of which R118,215,796-50 is held outside the Republic)	696,323,925-68
Foreign:	
Bills	3,106,705-98
Investments	3,132,588-03
Other Assets	62,335,493-53
Total Gold and Foreign Assets	764,898,713-22
Domestic:	
Bills discounted	
Loans and Advances:	
Government	
Other	12,310,200-00
Securities:	
Government	66,985,727-86
Other	6,446,725-75
Other Assets	141,892,513-91
	R992,533,880-74

Ratio of gold reserve to liabilities to the public less foreign assets 87.1 per cent.

Pretoria, 19 June 1968.

H. O. DE VILLIERS, General Manager.

KENNISGEWING No. 376 VAN 1968.

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK.

Staat van Bates en Laste op die 14de dag van Junie 1968.

LASTE.	R c	BATES.	R c
Kapitaal	2,000,000–00	Goud waarvan R118,215,796–50 buite die Republiek gehou word	696,323,925–68
Reserwefonds	11,715,739–14	Buitelandse:	
Note in Omloop	354,505,903–00	Wissels	3,106,705–98
Deposito's:		Beleggings	3,132,588–03
Regering	323,212,794–49	Ander Bates	62,335,493–53
Provinsiale Administrasies	16,897,773–31	Totaal aan Goud en Buitelandse Bates	764,898,713–22
Bankiers	141,627,632–07	Binnelandse:	
Andere	16,815,449–02	Gediskonteerde Wissels	
Ander Laste	125,758,589–71	Lenings en Voorskotte:	
		Regering	
		Andere	12,310,200–00
		Sekuriteite:	
		Regering	66,985,727–86
		Andere	6,446,725–75
		Ander Bates	141,892,513–91
	R992,533,880–74		R992,533,880–74

Verhouding van goudreserwe tot verpligtings teenoor die publiek min buitelandse bates 87.1 persent.

Pretoria, 19 Junie 1968.

H. O. DE VILLIERS, Hoofbestuurder

(28 June 1968.)/(28 Junie 1968.)

NOTICE No. 377 OF 1968.

DEPARTMENT OF DEFENCE.

MILITARY TRAINING AND EXERCISES.—WALVISBAAI.

1. It is notified for information that firing practices will be carried out by small arms and artillery at Walvisbaai on the following dates:—

(*a*) *Small Arms Practice, Rooikop Classification Range.*

8 July 1968 to 13 July 1968.
15 July 1968 to 20 July 1968.
22 July 1968 to 27 July 1968.
29 July 1968 to 3 August 1968.
5 August 1968 to 10 August 1968.
12 August 1968 to 17 August 1968.
19 August 1968 to 24 August 1968.
26 August 1968 to 31 August 1968.

(*b*) *Artillery Practices, Swartkoppies Field Firing Range.*

8 July 1968 to 13 July 1968.
15 July 1968 to 20 July 1968.
22 July 1968 to 27 July 1968.
29 July 1968 to 3 August 1968.
5 August 1968 to 10 August 1968.
12 August 1968 to 17 August 1968.
19 August 1968 to 24 August 1968.
26 August 1968 to 31 August 1968.

2. While exercises are in progress it will be dangerous to enter the area described in the Annexure hereto.

3. All persons are warned against handling unexploded ammunition. On the discovery of such items, the military authorities or S.A. Police should be advised thereof.

4. Range stores must not be touched or moved from the area by any unauthorised person.

KENNISGEWING No. 377 VAN 1968.

DEPARTEMENT VAN VERDEDIGING.

MILITÊRE OPLEIDING EN OEFENING.—WALVISBAAI.

1. Ter inligting word bekendgemaak dat kleingeweer- en grofgeskutoefeninge op die datums hieronder vermeld te Walvisbaai gehou sal word.

(*a*) *Kleingeweeroefeninge, Rooikop Klassifikasieskietbaan.*

8 Julie 1968 tot 13 Julie 1968.
15 Julie 1968 tot 20 Julie 1968.
22 Julie 1968 tot 27 Julie 1968.
29 Julie 1968 tot 3 Augustus 1968.
5 Augustus 1968 tot 10 Augustus 1968.
12 Augustus 1968 tot 17 Augustus 1968.
19 Augustus 1968 tot 24 Augustus 1968.
26 Augustus 1968 tot 31 Augustus 1968.

(*b*) *Grofgeskutoefeninge, Swartkoppies Veldskietbaan.*

8 Julie 1968 tot 13 Julie 1968.
15 Julie 1968 tot 20 Julie 1968.
22 Julie 1968 tot 27 Julie 1968.
29 Julie 1968 tot 3 Augustus 1968.
5 Augustus 1968 tot 10 Augustus 1968.
12 Augustus 1968 tot 17 Augustus 1968.
19 Augustus 1968 tot 24 Augustus 1968.
26 Augustus 1968 tot 31 Augustus 1968.

2. Terwyl die oefeninge aan die gang is, sal dit gevaarlik wees om die gebied, in die Bylae hierby omskryf, binne te gaan.

3. Almal word gewaarsku om nie onontplofde ammunisie aan te raak nie. As iemand sulke ammunisie sien lê, moet die militêre owerhede of die S.A. Polisie daarvan verwittig word.

4. Skietbaanvoorrade moet nie deur ongemagtigde persone aangeraak of van die gebied verwyder word nie.

5. Any person who wilfully disobeys or disregards the direction of notices, or any signals, or orders by the officer in command or by members of safety patrols may be prosecuted. Such disregard will not only lead to prosecution but is likely to seriously endanger life or property.

6. The Officer Commanding, Walvisbaai Command, is appointed Compensation Officer in terms of the regulations and any claims made are to be lodged at his office at Private Bag, Walvisbaai, within 30 days from the date of the exercise.

ANNEXURE.

The area described by Government Notice No. 1404, dated 31 August 1962.

(28 June 1968.)

5. Enige persoon wat opsetlik nie die voorskrifte van kennisgewings of die tekens of bevele van die Bevelvoerder of lede van die veiligheidspatrollies gehoorsaam nie, of verontagsaam kan vervolg word. Sodanige verontagsaming sal nie slegs tot benodiging lei nie, maar kan ook lewens en eiendom in ernstige gevaar stel.

6. Die Bevelvoerder, Kommandement Walvisbaai, is kragtens die regulasies as Kompensasie-offisier aangestel en eise moet binne 30 dae na datum van skietoefeninge by sy kantoor by Privaatsak, Walvisbaai, ingedien word.

BYLAE.

Die gebied soos omskryf in Goewermentskennisgewing No. 1404, gedateer 31 Augustus 1962.

(28 June 1968.)

NOTICE No. 378 OF 1968.

WEIGHTS AND MEASURES ACT, No. 13 OF 1958.

Notice is hereby given in terms of section 22 (1) of the Weights and Measures Act, 1958, read with regulation 3 (1), Part I of the regulations under the Act, that all persons in the Magisterial Districts of Alexandria, Bathurst and Albany, who have weighing and measuring instruments, weights and measures in use in trade, are required to produce these in order that they may be examined and assized or re-assized on or before the 16th August 1968.

The Assize Officer will be in attendance in accordance with the undermentioned Schedule.

N.B.—Any person may make *written application* to have his weighing and measuring instruments assized on his premises provided that—

(*a*) his premises are situated at a distance of more than 12 miles from the nearest Assize Station shown in the Schedule below, in which case he may have all his instruments, weights and measures assized in situ;

(*b*) his instruments have a weighing capacity exceeding 300 lb or are fixed or of delicate construction and cannot conveniently be moved (e.g. self-indicating scales, automatic weighers, etc.);

(*c*) his measuring instruments are fixed (e.g. petrol pumps, meters, etc.). *Written applications* must be made *forthwith* to the Regional Assizer, P.O. Box 3131, Port Elizabeth.

Where instruments are assized on a trader's premises, additional charges are made for attendance.

W. G. THIEL,
Superintendent, Division of Weights and Measures.

Pretoria, 14 June 1968.

SCHEDULE.

Kinkelbos, Kinkelbos Store, from 10.30 a.m. to 11 a.m., 15 July 1968.

Congoskraal, K. Prinsloo's Store, from 2 p.m. to 3 p.m., 15 July 1968.

Alexandria, Court House, from 8.30 to 12 noon, 16 July 1968.

De Kol, G. J. Human's Store, from 11 a.m. to 11.30 a.m., 17 July 1968.

Boesmansriviermond, T. J. E. Marais Store, from 2 p.m. to 2.30 p.m., 18 July 1968.

Port Alfred, Police Station, from 8.30 a.m. to 12 noon, 23 July 1968.

Southwell, Southwell Store, from 9 a.m. to 9.30 a.m., 24 July 1968.

Bathurst, J. W. Davies' Store, from 2 p.m. to 2.30 p.m., 24 July 1968.

KENNISGEWING No. 378 VAN 1968.

WET OP MATE EN GEWIGTE, No. 13 VAN 1958.

Kragtens artikel 22 (1) van die Wet op Mate en Gewigte, 1958, gelees met regulasie 3 (1), Deel I van die regulasies ingevolge die Wet, word hierby kennis gegee dat alle persone in die landdrosdistrikte Alexandria, Bathurst en Albanie, wat weeg- en meetinstrumente, mate en gewigte in die handel gebruik dit voor of op 16 Augustus 1968 vir ondersoek en yking of heryking moet inlewer.

Die Ykbeampte sal ter beskikking wees soos in onderstaande Bylae aangedui.

L.W.—Enige persoon kan *skriftelik aansoek* doen om sy weeg- en meetinstrumente op sy perseel te laat yk op voorwaarde dat—

(*a*) sy perseel verder as 12 myl geleë is van die naaste Ykpos genoem in onderstaande Bylae, en in so 'n geval kan ál sy instrumente, mate en gewigte op sy perseel geyk word;

(*b*) sy instrumente 'n weegvermoë van meer as 300 lb het, vas of van gevoelige samestelling is en nie maklik vervoer kan word nie (bv. selfaanwysende skale, outomatiese weërs, ens.);

(*c*) sy meetinstrumente vas is (bv. petrolpompe, -meters, ens.).

Skriftelike aansoeke moet *onverwyld* gerig word aan die Streekyker, Posbus 3131, Port Elizabeth.

Wanneer instrumente op 'n handelaar se perseel geyk word, word ekstra gelde vir die yking gevorder.

W. G. THIEL,
Superintendent, Afdeling Mate en Gewigte.

Pretoria, 14 Junie 1968.

BYLAE.

Kinkelbos, Kinkelbos-winkel, van 10.30 vm. tot 11 vm., 15 Julie 1968.

Congoskraal, K. Prinsloo se winkel, van 2 nm. tot 3 nm., 15 Julie 1968.

Alexandria, Hofsaal, van 8.30 vm. tot 12 middag, 16 Julie 1968.

De Kol, G. J. Human se winkel, van 11 vm. tot 11.30 vm., 17 Julie 1968.

Boesmansriviermond, T. J. E. Marais se winkel, van 2 nm. tot 2.30 nm., 18 Julie 1968.

Port Alfred, Polisiekantoor, van 8.30 vm. tot 12 middag, 23 Julie 1968.

Southwell, Southwell-winkel, van 9 vm. tot 9.30 vm., 24 Julie 1968.

Bathurst, J. W. Davies se winkel, van 2 nm. tot 2.30 nm., 24 Julie 1968.

Salem, S. G. Hill's Store, from 10.30 a.m. to 11 a.m., 29 July 1968.

Seven Fountains, Seven Fountains Store, from 2 p.m. to 1.30 p.m., 29 July 1968.

Douglas Heights, H. W. C. Schoeman's Store, from 10 a.m. to 10.30 a.m., 31 July 1968.

Riebeek East, H. P. Nel's Store, 2 p.m. to 2.30 p.m., 31 July 1968.

Grahamstown, Grand Hotel Sample Room, 8.30 a.m. to 4 p.m., 6, 7, and 8 August 1968.

Alicedale, Police Station, from 8.30 a.m. to 10 a.m., 14 August 1968.

Paterson, Police Station, from 8.30 a.m. to 10 a.m, 16 August 1968.

(28 June 1968.)

NOTICE No. 379 OF 1968.

LIQUOR ACT, 1928.

NOTICE OF AN INTERIM MEETING OF THE LIQUOR LICENSING BOARD FOR LIQUOR LICENSING AREA No. 32 CONVENED IN TERMS OF SECTION 21 READ WITH SECTION 137.

It is hereby notified that an interim meeting of the Liquor Licensing Board for Liquor Licensing Area No. 32 will be held at the Magistrate's Court at Port Shepstone, in the District of Port Shepstone, at 10 o'clock in the forenoon on the 2nd day of August 1968, for consideration of the following matter:—

A report in terms of section 137 (1) of Act No. 30 of 1928, as amended, referred to me by the Magistrate, Port Shepstone, alleging non-compliance by the licensee of the hotel liquor licence of the Regent Hotel, Margate, District of Port Shepstone, with the conditions imposed by the Liquor Licensing Board for Liquor Licensing Area No. 32.

J. H. G. MUNNIK,
Chairman of the Liquor Licensing Board for Area No. 32.

Port Shepstone, 6 June 1968.

(28 June 1968.)

NOTICE No. 380 OF 1968.

DEPARTMENT OF MINES.

RESERVATION OF LAND FOR THE PURPOSE OF A PUBLIC ROAD.

The Mining Commissioner for the Mining District of Heidelberg, under the powers vested in him by section 179 (1) (*b*) of the Mining Rights Act, 1967 (Act No. 20 of 1967), has reserved for the purpose of a public road a strip of proclaimed land on the farm Hexrivier 634 IR, District of Balfour, Mining District of Heidelberg, Transvaal Province, as shown on a sketch plan, copies of which are filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the office of the Mining Commissioner, Heidelberg, under R.M.T. 2718.

M.M. 99/412.

(28 June 1968.)

Salem, S. G. Hill se winkel, van 10.30 vm. tot 11 vm., 29 Julie 1968.

Seven Fountains, Seven Fountains-winkel, van 2 nm. tot 2.30 nm., 29 Julie 1968.

Douglas Heights, H. W. C. Schoeman se winkel, van 10 vm. tot 10.30 vm., 31 Julie 1968.

Riebeek-Oos, H. P. Nel se winkel, van 2 nm. tot 2.30 nm., 31 Julie 1968.

Grahamstad, Grand Hotel-monsterkamer, van 8.30 vm. tot 4 nm., 6, 7 en 8 Augustus 1968.

Alicedale, Polisiekantoor, van 8.30 vm. tot 10 vm., 14 Augustus 1968.

Paterson, Polisiekantoor, van 8.30 vm. tot 10 vm., 16 Augustus 1968.

(28 Junie 1968.)

KENNISGEWING No. 379 VAN 1968.

DRANKWET, 1928.

KENNISGEWING VAN 'N TUSSENTYDSE VERGADERING VAN DIE DRANKLISENSIERAAD VAN DRANKLISENSIEGEBIED No. 32 INGEVOLGE ARTIKEL 21, GELEES MET ARTIKEL 137, BELÊ.

Hierby word bekendgemaak dat 'n tussentydse vergadering van die Dranklisensieraad van Dranklisensiegebied No. 32 om 10 uur in die voormiddag op die 2de dag van Augustus 1968 by die landdroshof te Port Shepstone, in die distrik Port Shepstone, gehou sal word vir oorweging van die volgende aangeleentheid:—

'n Verslag ingevolge artikel 137 (1) van Wet No. 30 van 1928, soos gewysig, na my verwys deur die landdros, Port Shepston, waarin beweer word dat die lisensiehouer van die hoteldranklisensie van die Regent Hotel, Margate, distrik Port Shepstone, nie voldoen aan die voorwaardes gestel deur die Dranklisensieraad van Dranklisensiegebied No. 32 nie.

J. H. G. MUNNIK,
Voorsitter van die Dranklisensieraad van Gebied No. 32.

Port Shepstone, 6 Junie 1968.

(28 Junie 1968.)

KENNISGEWING No. 380 VAN 1968.

DEPARTEMENT VAN MYNWESE.

UITHOU VAN GROND VIR DIE DOEL VAN 'N OPENBARE PAD.

Die Mynkommissaris vir die myndistrik Heidelberg het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 179 (1) (*b*) van die Wet op Mynregte, 1967 (Wet No. 20 van 1967), 'n strook geproklameerde grond op die plaas Hexrivier 634 IR, distrik Balfour, myndistrik Heidelberg, provinsie Transvaal, soos aangetoon op 'n sketskaart waarvan afdrukke in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Heidelberg, onder R.M.T. 2718 bewaar word, uitgehou vir die doel van 'n openbare pad.

M.M. 99/412.

(28 Junie 1968.)

NOTICE No. 381 OF 1968.

IN THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA
(EASTERN CAPE DIVISION).

SECOND BORDER CIRCUIT COURT, 1968.

Under and by virtue of the powers in me vested by section *seven* of Act No. 59 of 1959, I hereby give notice that I have constituted the following Circuit Districts for the sitting of the above-mentioned Court:—

1. The District of King William's Town, together with the Districts of Victoria East, Keiskammahoek, Komga, Middledrift, Stutterheim, Somerset East, Bedford, Fort Beaufort.
2. The District of Queenstown, together with the Districts of Cathcart, Elliot, Glen Grey, Indwe, Maclear, Maraisburg, Sterkstroom, Wodehouse, Tarka, Xalanga.
3. The District of Aliwal North, together with the Districts of Albert, Barkly East, Herschel, Lady Grey, Molteno, Venterstad.
4. The District of Graaff-Reinet, together with the Districts of Cradock, Middelburg, Noupoort, Aberdeen, Jansenville, Murraysburg, Pearston, Colesberg, Hanover, Steynsburg.
5. The District of Uitenhage, together with the Districts of Humansdorp, Hankey, Kirkwood, Steytlerville.

And I do further direct and appoint that the said Circuit Court shall be holden in the towns and on the dates set forth in the Schedule hereto, provided that in the event of the Judge being prevented by any unforeseen cause or delay from opening the Circuit Court at any of the said places on the day fixed for the purposes, such Circuit Court be opened on the day on which the Judge shall arrive at such place or as soon thereafter as conveniently may be.

Given under my Hand and Seal of the Supreme Court of South Africa (Eastern Cape Division) at Grahamstown, this 14th day of June 1968.

A. G. JENNETT.
Judge-President.

SCHEDULE.

1. King William's Town, 2 August 1968 at 9.30 a.m.
2. Queenstown, 12 August 1968 at 9.30 a.m.
3. Aliwal North, 19 August 1968 at 9.30 a.m.
4. Graaff-Reinet, 22 August 1968 at 9.30 a.m.
5. Uitenhage, 26 August 1968 at 9.30 a.m.

(28 June 1968.)

KENNISGEWING No. 381 VAN 1968.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(OOS-KAAPSE AFDELING).

TWEEDE GRENS RONDGAANDE HOF, 1968.

Kragtens die bevoegdheid my verleen in artikel *sewe* van Wet No. 59 van 1959, gee ek hiermee kennis dat ek die volgende rondgangdistrikte vir 'n sitting van bogenoemde Hof gevorm het:—

1. Die distrik King William's Town, tesame met die distrikte Victoria-Oos, Keiskammahoek, Komga, Middledrift, Stutterheim, Somerset-Oos, Bedford, Fort Beaufort.
2. Die distrik Queenstown, tesame met die distrikte Cathcart, Elliot, Glen Grey, Indwe, Maclear, Maraisburg, Sterkstroom, Wodehouse, Tarka, Xalanga.
3. Die distrikte Aliwal-Noord, tesame met die distrikte Albert, Barkly-Oos, Herschel, Lady Grey, Molteno, Venterstad.
4. Die distrik Graaff-Reinet, tesame met die distrikte Cradock, Middelburg, Noupoort, Aberdeen, Jansenville, Murraysburg, Pearston, Colesberg, Hanover, Steynsburg.
5. Die distrik Uitenhage, tesame met die distrikte Humansdorp, Hankey, Kirkwood, Steytlerville.

En voorts beveel en gelas ek dat gemelde Rondgaande Hof sittings moet hou op die dorpe en op die datums in die Bylae vermeld, met dien verstande dat, ingeval die Regter deur 'n onvoorsiene omstandigheid of oponthoud verhinder word om 'n sitting van die Rondgaande Hof te open op enigeen van gemelde plekke op die datum wat vir die doel vasgestel is, so 'n sitting van die Rondgaande Hof ge-open moet word op die dag en datum waarop die Regter op so 'n plek aankom of so spoedig daarna as wat gerieflik is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Hooggeregshof van Suid-Afrika (Oos-Kaapse Afdeling) te Grahamstad, die 14de dag van Junie 1968.

A. G. JENNETT,
Regter-president.

BYLAE.

1. King William's Town, 2 Augustus 1968 om 9.30 vm.
2. Queenstown, 12 Augustus 1968 om 9.30 vm.
3. Aliwal-Noord, 19 Augustus 1968 om 9.30 vm.
4. Graaff-Reinet, 22 Augustus 1968 om 9.30 vm.
5. Uitenhage, 26 Augustus 1968 om 9.30 vm.

(28 Junie 1968.)

NOTICE No. 382 OF 1968.

IN THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA
(EASTERN CAPE DIVISION).

THIRD TRANSKEIAN CIRCUIT COURT, 1968.

Under and by virtue of the powers in me vested by section *seven* of Act No. 59 of 1959, I hereby give notice that I have constituted the following Circuit Districts for the sitting of the above-mentioned Court:—

1. The District of Mount Currie, together with the Districts of Bizana, Flagstaff, Matatiele, Lusikisiki, Mount Ayliff, Mount Frere, Mount Fletcher, Tabankulu, Umzimkulu.

2. The District of Umtata, together with the Districts of Elliotdale, Engcobo, Libode, Mqanduli, Ngqeleni, Port St Johns, Qumbu, Tsolo.

3. The District of Butterworth, together with the Districts of Idutywa, Kentani, Nqamakwe, St Marks, Tsomo, Willowvale.

KENNISGEWING No. 382 VAN 1968.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(OOS-KAAPSE AFDELING).

DERDE TRANSKEISE RONDGAANDE HOF, 1968.

Kragtens die bevoegdheid my verleen in artikel *sewe* van die Wet No. 59 van 1959, gee ek hiermee kennis dat ek die volgende rondgangdistrikte vir 'n sitting van bogemelde Hof gevorm het:—

1. Die distrik Mount Currie, tesame met die distrikte Bizana, Flagstaff, Matatiele, Lusikisiki, Mount Ayliff, Mount Frere, Mount Fletcher, Tabankulu, Umzimkulu.

2. Die distrik Umtata, tesame met die distrikte Elliotdale, Engcobo, Libode, Mqanduli, Ngqeleni, Port St Johns, Qumbu, Tsolo.

3. Die distrik Butterworth, tesame met die distrikte Idutywa, Kentani, Nqamakwe, St Marks, Tsomo, Willowvale.

And I do further direct and appoint that the said Circuit Court shall be holden in the towns on the dates set forth in the Schedule hereto, provided that in the event of the Judge being prevented by any unforeseen cause or delay from opening the Circuit Court at any of the said places on the day fixed for the purpose, such Circuit Court shall be opened on the day in which the Judge shall arrive at such place or so soon thereafter as conveniently may be.

Given under my Hand and the Seal of the Supreme Court of South Africa (Eastern Cape Division) at Grahamstown, this the 14th day of March 1968.

A. G. JENNETT,
Judge-President.

SCHEDULE.

1. Kokstad, 5 August 1968 at 9.30 a.m.
2. Umtata, 14 August 1968 at 9.30 a.m.
3. Butterworth, 28 August 1968 at 9.30 a.m.

(28 June 1968.)

NOTICE No. 383 OF 1968.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956.

APPLICATION FOR VARIATION OF SCOPE OF REGISTRATION OF A TRADE UNION.

I, Philippus Lodewicus Scholtz, Industrial Registrar, hereby give notice in terms of section 4 (2) as applied by section 7 (5) of the Industrial Conciliation Act, 1956, as amended, that an application for a variation of scope of registration of the S.A. Yster-, Staal- en Verwante Nywerhede-Unie particulars of which appear in the subjoined table, has been received by me.

Any registered trade union having objections to such variation, is hereby invited to submit such objections in writing to me, c/o The Department of Labour, Laboria Building, corner Paul Kruger and Schoeman Streets, Pretoria, within one month of the date of publication of this notice.

SCHEDULE.

Name of Trade Union.—S.A. Yster-, Staal- en Verwante Nywerhede-Unie.

Date on which application was lodged.—2 May 1968.

Interests and area in respect of which application is made.—White persons employed in the Electric Bulb Manufacturing Industry, which includes the manufacturing of incandescent tubes and glass rods, in the Magisterial District of Port Elizabeth.

Postal address of applicant.—P.O. Box 757, Pretoria.

Office address of applicant.—430 Church Street, Pretoria West.

Attention is drawn to the following requirements of sections 4 and 7 of the Act:—

(*a*) The representativeness of any objecting trade union must in terms of section 4 (4), as applied by section 7 (5), be determined on the facts as they existed at the date on which the application was lodged, and as far as membership is concerned, only members who were in good standing in terms of section 1 (2) of the Act as at the aforesaid date may be taken into consideration.

(*b*) The procedure laid down in section 4 (2) must be followed in connection with any objection lodged.

P. L. SCHOLTZ,
Industrial Registrar.

(28 June 1968.)

8

En voorts beveel en gelas ek dat die gemelde Rondgaande Hof sittings moet hou op die dorpe en op die datums in bygaande Bylae vermeld, met dien verstande, dat ingeval die Regter deur 'n onvoorsiene omstandigheid of oponthoud verhinder word om 'n sitting van die Rondgaande Hof te open op enigeen van gemelde plekke op die datums wat vir die doel vasgestel is, so 'n sitting van die Rondgaande Hof ge-open moet word op die dag en datum waarop die Regter op so 'n plek aankom of so spoedig daarna as wat gerieflik is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Hoë Geregshof van Suid-Afrika (Oos-Kaapse Afdeling) te Grahamstad, op hede die 14de dag van Junie 1968.

A. G. JENNETT,
Regter-president.

BYLAE.

1. Kokstad, 5 Augustus 1968 om 9.30 vm.
2. Umtata, 14 Augustus 1968 om 9.30 vm.
3. Butterworth, 28 Augustus 1968 om 9.30 vm.

(28 Junie 1968.)

KENNISGEWING No. 383 VAN 1968.

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956.

AANSOEK OM VERANDERING VAN DIE REGISTRASIEBESTEK VAN 'N VAKVERENIGING.

Ek, Philippus Lodewicus Scholtz, Nywerheidsregistrateur, maak hierby kragtens artikel 4 (2) soos toegepas by artikel 7 (5) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, soos gewysig, bekend dat 'n aansoek om verandering van die registrasiebestek van die S.A. Yster-, Staal- en Verwante Nywerhede-Unie waarvan besonderhede in bygaande tabel voorkom, deur my ontvang is.

Enige geregistreerde vakvereniging wat beswaar teen so 'n verandering het, word hierby versoek om sodanige beswaar binne een maand vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing skriftelik aan my, p/a die Departement van Arbeid, Laboriagebou, h/v Paul Kruger- en Schoemanstraat, Pretoria, voor te lê.

BYLAE.

Naam van Vakvereniging.—S.A. Yster-, Staal- en Verwante Nywerhede-Unie.

Datum waarop aansoek ingedien is.—2 Mei 1968.

Belange en gebied ten opsigte waarvan aansoek gedoen word.—Blankes in diens in die Gloeilampvervaardigingsnywerheid, wat ook die vervaardiging van buisligte en glasstawe omvat, in die landdrosdistrik Port Elizabeth.

Posadres van applikant.—Posbus 757, Pretoria.

Kantooradres van applikant.—Kerkstraat 430, Pretoria-Wes.

Die aandag word gevestig op onderstaande vereistes van artikels 4 en 7 van die Wet:—

(*a*) Die mate waarin 'n beswaarmakende vakvereniging verteenwoordigend is, moet ingevolge artikel 4 (4) soos toegepas by artikel 7 (5) bepaal word volgens die feite soos hulle bestaan het op die datum waarop die aansoek ingedien is, en wat die lidmaatskap betref, mag alleen lede wat ingevolge artikel 1 (2) van die Wet op voormelde datum volwaardig was, in aanmerking geneem word.

(*b*) Die prosedure soos voorgeskryf by artikel 4 (2) moet gevolg word in verband met 'n beswaar wat ingedien word.

P. L. SCHOLTZ,
Nywerheidsregistrateur.

(28 Junie 1968.)

NOTICE No. 384 OF 1968.

BUREAU OF STATISTICS.

The Director of Statistics notifies for general information that the Consumer Price Indexes, base: October, 1958 = 100 are as follows for May 1968.

CONSUMER PRICE INDEX, ALL ITEMS—

Area.	Index.
1. Cape Town	123·2
2. Port Elizabeth	121·4
3. East London	121·6
4. Kimberley	122·4
5. Pietermaritzburg	121·4
6. Durban	122·6
7. Pretoria	125·3
8. Witwatersrand	121·6
9. Bloemfontein	120·8
Weighted average of the nine areas	122·4

(28 June 1968.)

KENNISGEWING No. 384 VAN 1968.

BURO VIR STATISTIEK.

Die Direkteur van Statistiek maak vir algemene inligting bekend dat die Verbruikerprysindeks, basis: Oktober 1958 = 100 soos volg is vir Mei 1968.

VERBRUIKERPRYSINDEKS, ALLE ITEMS.

Gebied.	Indeks.
1. Kaapstad	123·2
2. Port Elizabeth	121·4
3. Oos-Londen	121·6
4. Kimberley	122·4
5. Pietermaritzburg	121·4
6. Durban	122·6
7. Pretoria	125·3
8. Witwatersrand	121·6
9. Bloemfontein	120·8
Beswaarde gemiddelde van die nege gebiede	122·4

(28 Junie 1968.)

NOTICE No. 385 OF 1968.

GUANO.

The selling price of guano for the financial year 1 April 1968 to 31 March 1969 has been fixed at R45.05 per ton, f.o.r. Bellville South.

Farmers and consumers who require the guano for use as fertilizer are entitled to place orders with the Superintendent, Government Guano Islands, P.O. Box 251, Cape Town, at R40 per ton. Orders must be accompanied by payment.

J. J. KITSHOFF,
Secretary for Industries.

(28 June 1968.)

KENNISGEWING No. 385 VAN 1968.

GHWANO.

Die verkoopprys van ghwano vir die boekjaar 1 April 1968 tot 31 Maart 1969 is vasgestel op R45.05 per ton, v.o.s. Bellville-Suid.

Boere en verbruikers wat die ghwano vir gebruik as bemestingstof nodig het, is geregtig om bestellings teen R40 per ton by die Superintendent, Staatsghwano-eilande, Posbus 251, Kaapstad, te plaas. Betaling moet bestellings vergesel.

J. J. KITSHOFF,
Sekretaris van Nywerheidswese.

(28 Junie 1968.)

NOTICE No. 386 OF 1968.

DEPARTMENT OF MINES.

RESERVATION OF LAND FOR THE PURPOSE OF PUBLIC ROADS.

The Mining Commissioner for the Mining District of Johannesburg, under the powers vested in him by section 179 (1) (*b*) of the Mining Rights Act, 1967 (Act No. 20 of 1967), has reserved for the purpose of public roads strips of proclaimed land on the farm Elandsfontein 90 IR, District of Germiston, Mining District of Johannesburg, Transvaal Province, as shown on diagrams, copies of which are filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the office of the Mining Commissioner, Johannesburg, under R.M.T. 671 (S.G. A2825/66), R.M.T. 665 (S.G. A662/66), R.M.T. 638 (S.G. A145/66), R.M.T. 639 (S.G. A146/66), R.M.T. 641 (S.G. A147/66), R.M.T. 642 (S.G. A148/66) and R.M.T. 640 (S.G. A661/66).

M.M. 99/414.
M.M. 99/415.
M.M. 99/416.
M.M. 99/417.
M.M. 99/418.
M.M. 99/419.
M.M. 99/420.

(28 June 1968.)

KENNISGEWING No. 386 VAN 1968.

DEPARTEMENT VAN MYNWESE.

UITHOU VAN GROND VIR DIE DOEL VAN OPENBARE PAAIE.

Die Mynkommissaris vir die myndistrik Johannesburg het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 179 (1) (*b*) van die Wet op Mynregte, 1967 (Wet No. 20 van 1967), stroke geproklameerde grond op die plaas Elandsfontein 90 IR, distrik Germiston, myndistrik Johannesburg, provinsie Transvaal, soos aangetoon op kaarte waarvan afdrukke in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Johannesburg, onder R.M.T. 671 (S.G. No. A2825/66), R.M.T. 665 (S.G. A662/66), R.M.T. 638 (S.G. A145/66), R.M.T. 639 (S.G. A146/66), R.M.T. 641 (S.G. A147/66), R.M.T. 642 (S.G. A148/66) en R.M.T. 640 (S.G. A661/66) bewaar word, uitgehou vir die doel van openbare paaie.

M.M. 99/414.
M.M. 99/415.
M.M. 99/416.
M.M. 99/417.
M.M. 99/418.
M.M. 99/419.
M.M. 99/420.

(28 Junie 1968.)

NOTICE No. 387 OF 1968.

PROTECTION OF NAMES, UNIFORMS AND BADGES ACT, 1935.—APPLICATION FOR REGISTRATION.

The undermentioned institution has applied, in terms of section 2 of the Protection of Names, Uniforms and Badges Act, 1935 (Act No. 23 of 1935), for registration of its uniforms.

Anyone affected or likely to be affected by the grant of the application is hereby invited to lodge details of his objection in the prescribed form within three months of the date of publication of this notice with the State Herald, Private Bag 236, Union Buildings, Pretoria, from whom copies of the form referred to are obtainable: —

Applicant.—Commissioner of the South African Police. (H.4/3/1/698.) (H.4/3/3/10.)

Uniform.

Athletic vest.—White, with a combination of horizontal stripes, blue—gold—blue—gold—blue, respectively ½ inch, ½ inch, 2 inches, ½ inch and ½ inch in width, across the chest.

Athletic shorts.— White, with a combination of vertical stripes, blue—gold—blue, each ½ inch in width, along the outer seams of the trouser legs.

Long-sleeved soccer jersey (goalkeeper).—Gold, with blue collar (V neck) and cuffs.

Short-sleeved soccer jersey.—Blue, with collar (V neck) and cuffs of gold.

Short-sleeved soccer jersey.—Gold, with blue collar (V neck) and cuffs and a horizontal blue stripe, ½ inch in width, across the chest.

Rugby jersey.—A combination of horizontal stripes, blue and gold, each 4½ inches in width, with collar and cuffs of gold.

Rugby jersey.—Gold, with a horizontal blue stripe, 4½ inches in width, across the chest and upper arm and with blue collar and cuffs.

Rugby and soccer hose.—Blue, with a horizontal band of gold, 2 inches in width, across the calf and a turn-over of gold.

Rugby hose.—Blue, with a horizontal stripe of gold, 1½ inches in width, across the calf and a turn-over of gold, 4½ inches in width.

Boxing trunks.—Blue, with a vertical stripe of gold, 1¼ inches in width, along the outer seams of the trouser legs.

Track suit.—Blue two-piece with collar and cuffs of gold.

Wrestling costume.—A one-piece consisting of sleeveless blue vest and blue trunks with two stripes of gold, each 1 inch in width, along the outer seams of the trunk legs.

Vest: Physical training instructor.—White, with neck and shoulders bordered by a blue stripe, ½ inch in width.

Hockey jersey.—Blue, with V neck bordered by a stripe of gold, ½ inch in width, and short sleeves of gold with stripes, blue—gold—blue, each 1 inch in width, around the cuffs.

Hockey hose.—Blue, with a horizontal stripe of gold, 1½ inches in width, across the calf and a turn-over of gold, 4 inches in width.

Hatband: Bowlers.—A combination of horizontal stripes, blue—gold—blue, each ½ inch in width.

Blazer.—On a blue background, at intervals of 2 inches, vertical stripes of gold, each ½ inch in width.

Tie.—On a blue background, at intervals of 2 inches, diagonal parallel stripes of gold, each ⅛ inch in width.

(28 June 1968.)

KENNISGEWING No. 387 VAN 1968.

BESKERMING VAN NAME, UNIFORMS EN WAPENS WET, 1935.—AANSOEK OM INSKRYWING.

Ondergenoemde inrigting het, kragtens artikel 2 van die Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet, 1935 (Wet No. 23 van 1935), aansoek gedoen om inskrywing in die register van sy uniforms.

Iemand wat deur die toestaan van hierdie aansoek getref of moontlik getref mag word, word hierby uitgenooi om binne drie maande vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing besonderhede van sy beswaar in die voorgeskrewe vorm in te dien by die Staatsheraldikus, Privaatsak 236, Uniegebou, Pretoria, van wie eksemplare van bedoelde vorm verkrygbaar is: —

Aansoeker.—Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie. (H.4/3/1/698.) (H.4/3/3/10.)

Uniform.

Atletiekfrokkie.—Wit, met samestelling van horisontale strepe, blou—goud—blou—goud—blou, onderskeidelik ½ duim, ½ duim, 2 duim, ½ duim en ½ duim breed, oor die bors.

Atletiekbroekie.—Wit, met 'n samestelling van vertikale strepe, blou—goud—blou, elk ½ duim breed, langs die buitenate van die broekspype.

Langmou-sokkertrui (doelwagters).—Goud, met blou kraag (V-nek) en mansjette.

Kortmou-sokkertrui.—Blou, met goue kraag (V-nek) en mansjette.

Kortmou-sokkertrui.—Goud, met blou kraag (V-nek) en mansjette en 'n horisontale blou streep, ½ duim breed, oor die bors.

Rugbytrui.—'n Samestelling van horisontale strepe, blou en goud, elk 4½ duim breed, met goue kraag en mansjette.

Rugbytrui.—Goud, met 'n horisontale blou streep, 4½ duim breed, oor die bors en bo-arm en met blou kraag en mansjette.

Rugby- en sokkerkouse.—Blou met 'n goue horisontale streep, 2 duim breed, om die kuit en 'n goue omslag.

Rugbykous.—Blou, met 'n goue horisontale streep, 1½ duim breed, oor die kuit en 'n goue omslag van 4½ duim.

Boksbroek.—Blou, met 'n goue vertikale streep, 1¼ duim breed, langs die buitenate van die broekspype.

Sweetpak.—'n Blou tweestuk met goue kraag en mansjette.

Stoeipak.—'n Eenstuk bestaande uit 'n blou moulose frokkie en 'n blou broekie met twee goue strepe, elk 1 duim breed, langs die buitenate van die broekspype.

Frokkie: Liggaamsoefeninginstrukteur.—Wit, met 'n blou streep, ½ duim breed, om die kraag en skouers.

Hokkietrui.—Blou, met 'n goue streep, ½ duim breed, om die krag (V-nek), goue kort moue met strepe, blou—goud—blou, elk 1 duim breed, om die mansjette.

Hokkiekous.—Blou, met 'n goue horisontale streep, 1½ duim breed, oor die kuit en 'n goue omslag, 4 duim breed.

Hoedband: Rolbalspelers.—'n Samestelling van horisontale strepe, blou—goud—blou, elk ½ duim breed.

Kleurbaadjie.—Op 'n blou agtergrond, met tussenruimtes van 2 duim, vertikale goue strepe, elk ½ duim breed.

Das.—Op 'n blou agtergrond, met tussenruimtes van 2 duim, diagonale ewewydige goue strepe, elk ⅛ duim breed.

(28 Junie 1968.)

NOTICE No. 388 OF 1968.

DEPARTMENT OF DEFENCE.

MILITARY TRAINING AND EXERCISES, CAPE RECEIFE (PORT ELIZABETH).

